# menlo-insig

21/2023


## LIEWE MENLO




Dit gebeur klokslag in Augustus, net na die begin van die voorbereidende eksamen. Die foon in die Insigkantoor lui en dan hoor 'n mens die benoude asemhaling van 'n matriekouer aan die ander kant.

Vandeesweek was geen uitsondering nie. Die Insig deel daarom graag beproefde raad aan ouers om te verseker dat elke huishouding heelhuids aan die ander kant van die voorbereidende eksamen uitkom.

"More," sê ek, na die skril gelui van die foon tot bedaring kom. "More," sê die bewende stem. "My kind is in matriek en het vandag met die voorbereidende eksamen begin. Toe ek vanoggend opstaan, trek my keel toe en dit voel asof daar spykers in my maag is. Sê my, het julle raad vir matriekouers?"

"Hou 'n oomblik aan, mevrou. Maak solank 'n lekker koppie koffie. Ons gesels nou weer."

My soektog na antwoorde lei my na gesoute onderwysers mee. Ester Cloete, Minetta Hofmeyr en Annelize Rademeyer.

Saam het hulle nagenoeg tien jaar se ervaring as matriekouers en meer as 'n honderd jaar se ervaring as onderwysers. Gesout, bekwaam en immuun teen matriekstres.

"Sjoe," sê hulle. "Dit is nie maklik om 'n kind in matriek te hê nie, maar hierdie groep is slaggereed vir enige uitdaging."

Al drie hierdie juffrou-ma's is dit eens dat die ouers soms meer gespanne as hulle matriekkinders is.

Hulle aanbeveling is dat ouers, veral dié wat die spanning saam met hulle kinders ervaar, liefs katvoet moet loop om hulle spanning nie aan die kinders oor te dra nie. Stap om die blok, bak 'n koek, kuier by 'n vriendin en geniet 'n glasie wyn. Koffieverslawing, sê hulle, is ook normaal en sosiaal aanvaarbaar.

Alhoewel daar konsensus is dat vrae oor die akademie liefs vermy moet word, is mee. Cloete en Hofmeyr dit eens dat daar tog een vraag is wat altyd toelaatbaar is: "Het jy genoeg wiskundevraestelle uitgewerk?"

Verder benadruk die juffrouens die belangrikheid van vertroue. "Wys vir jou kind dat jy hom/haar vertrou. Dit is nie nodig om hulle te herinner om te gaan leer nie. Hulle weet wat om te doen."

Die navorsing is klaar. Die antwoord is gereed. Ek maak keel skoon en skakel die benoude moeder terug.

"Mevrou," sê ek. "Hier is raad. Ontspan. Die matrieks is absolut voorbereid. Na bykans twaalf jaar op die skoolbanke is elke Parkie reg vir die lewe daarbuite."

"Ons het in die laaste vyf jaar gesien hoe veerkragtig, toegewyd, entoesiasties, kreatief en hardwerkend hierdie groep is. Die matrieks is gereed vir die eksamen. Hulle kan golwe trotseer. Ongetwyfeld."

**Sterkte, Matrieks!**

# DAGBOEK

**25/8** Drama: ATKV
Tennis: Absolut Menlotoernooi tot 26/8

**26/8** Revue: Kaleidoskoop (Finaal)
Fietsry: Liga 4 (PHSB)
Landloop: AGN-kampioenskap

**1/9** **Somersdrag**

**2/9** **MENLOFEES:** Onthou om u kaartjies op www.itickets.co.za te koop.

# MENLO MA'S WAT OMGEE

Ouers word daaraan herinner dat die weeklikse gebedsbyeenkoms op Donderdae tussen 07:30 en 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind. Kontak gerus 082 579 4968 indien u saam wil bid.

**Teks: Joh 8:12**
Op 'n ander keer het Jesus vir die mense gesê: "Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee."

# AKADEMIE

## Menlo-eksponente is toekomsgereed

Die Insig het vandeesweek vreemde aktiwiteit op Menlo-bodem gewaar. Ons wil nou nie paranoïes klink nie, maar die vermoede bestaan dat kuberagente hier gespioeneer het. Menlo is immers 'n teelaarde vir vooruitgang en ons is daarvan oortuig dat spioene gestuur is om 'n blik op die toekoms te verkry.

Die voorval het plaasgevind kort nadat dit, ten spyte van beurtkrag, aan die lig gekom het dat 28 Menlo-eksponente aan Eskom se Noord-Gauteng-Wetenskapekspo deelgeneem het. Daar het die skool se jong wetenskaplikes weereens bewys dat innoverende denke, kreatiwiteit en spanwerk op Menlo-bodem gedy.

Hier volg die uitslae:

### Brons

Le Roux van Wyk & Erik Senekal, Rynhardt Buys & Cornel Buys, Anike Burke en Gia Marias, Helené Vorster en Mia Collins, Amoné Fourie, Lauren Malan, Werner Potgieter en Carli Schutte.

### Silwer

Ben Schomper & Stehan Serfontein, Jan-Ernst Weilbach & Jordan van Eck, Johannes Maas & Luané Erasmus, Nina Dicks & Klara Schutte, Liané de Wet & Adri de Beer, Leandri Botha en Kaitlin Meyer.

### Goud

Milan Visser & Luan Visser, Skye Smit & Clara Serfontein.

**Spesiale toekenning:**
Wits-Edenburgh Sustainable African Futures Award:

Nina Dicks & Klara Schutte

Milan, Luan, Skye en Clara verdien spesiale vermelding, want uit 'n totaal van bykans 200 projekte is slegs ses goue medaljes uitgedeel. Die skool rig 'n spesiale woord van dank aan Menlo se FW- en LW-departemente, asook aan mee. Tanya Matthysen (ekspo-organiseerder) en Annelize Rademeyer wat die eksponente na die ekspo vergesel het. Welgedaan, Menlo!









# AKADEMIE









## Matrieksjefs laat monde water

*Waarskuwing: Hierdie berig kan hongerpyne veroorsaak én vererger.*

Die Insig is verlig dat die voorbereidende eksamen begin het en dat die matrieks nou in die geborgenheid van hulle ouerhuise studeer, want dit sou 'n probleem veroorsaak indien die graad 12-sjefs nou, so na aan die einde van hulle skoolloopbane, aanbiedinge van Michelin-restaurante kry om hulle uitsonderlike kookvernuf daar in te span.

'n Mens sou maklik die fout kon maak om die spyskaart van die graad 12's se laaste, en pas afgelope praktiese assesseringstaak, met die van 'n Michelin-restaurant te verwar.

Die pap is sommer van meet af aan dik aangemaak en ons sjefs het die standaard met gerookte snoekpatee-en -patat-canapé's met korrelkonfyt gestel. Enige Suid-Afrikaanse spyskaart wat sy sout werd is, spog met 'n biltonghappie en die eksaminator is met 'n heerlike biltong-en-bloukaas-quiche verlei. Vars oondgeroosterde tamaties is tot 'n romerige sop verwerk en basiliekruid-broodrolletjies met miso-botter het die gereg afgerond.

Fillet Mignon is onder 'n spekmantel bedien en met allerlei geheime bestanddele (die Insig is in besit van die resep, maar is verbied om dit te plaas) gevul. Die fluweelsagte smaak van dié heerlike snit is met aartappelkrokette, groentesilinders en perskool-coulis gekomplementeer.

Die smaakmaker van die spyskaart was 'n onvergeetlike pekanneutpavlova met wit sjokolademousse en bessie-compôte.

Is dit hoegenaamd nodig om te vermeld dat die leerders puik uitslae behaal het?

Die skool wens die matrieks én die gasvryheidspersoneel met uitstekende uitslae geluk.

# LEIERSKAP

## Parkieraad verkies nuwe bestuur vir 2024-termyn

Hartlik geluk aan Rudolph Jordaan en Lize Booysen wat vir die 2024-termyn as voorsitter en ondervoorsitter van die Parkieraad sal diens doen. Die Insig wens die Parkieraad voorspoed vir die nuwe termyn toe en sien saam met hulle na 'n opwindende jaar uit.





# REDENAARS EN DEBAT

## Spoeg spat by ATKV-finaal

Die tonge was verlede week behoorlik los toe die land se beste sprekers en stryers vir die landswye ATKV-finaal vir redenaars en debat op Goudini Spa toegesak het. Tussen die menige leerders (wat elkeen 'n woordeboekgeweer tussen hulle redenaarskaartjies versteek) was daar 'n paar kletsers, langasems, pruttelkouse en natuurlik sewe Menloparkers!

ATKV-Redenaars gee leerders die platform om hul sê met selfvertroue in Afrikaans te sê – 'n vaardigheid wat hulle in die toekoms aan die voorpunt van hul veld sal plaas. Vier Menlo-raakpraters het hul slag by vanjaar se nasionale finaal gewys. Geluk aan Kayden Venter (gr. 8), Sheliza de Wet, Rijanli Oerlemans en Dannhauser van der Merwe (almal in gr. 12).

Sheliza het vierde in die onvoorbereide afdeling geëindig met Rijanli kort op haar hakke in die vyfde plek. Dannhauser het sy woordkuns in die voorbereide afdeling ten toon gestel en die sesde plek beklink. #absolutreggebek

In die debatafdeling het sake eweneens vlot vir die Parkies verloop. Erik Senekal, Le Roux van Wyk en Luan Visser het hulleself as die vierde beste junior debatspan in die land bewys. Daarby het Erik 'n spesiale toekenning vir die Beste Taalgebruiker ontvang. Welgedaan!

Baie dankie aan mnr. Corné van Wyk wat die skool by die kompetisie verteenwoordig het. Met die onderwysers en afrigters se leiding en die reggebekte Menloparkers se entoesiasme is Menlo se toekoms aan die redenaars- en debatfront skitterblink.











# DRAMA

## Parkie-akteurs ryg A-simbole in

Augustusmaand behoort aan die uitvoerende kunste. Tientalle Parkies het aan verskeie kunstefeeste en eisteddfods deelgeneem en pragtige uitslae behaal. Die skool is trots op elke prestasie én die oorgawe waarmee die Menlo-akteurs die verhoog betree.

### Graad 8

Jamie Champion: 3 x A++; Shimei Visser: 1 x A+ en 2 x A++; Milan Visser: 3 x A+; Shiloh Pieterse: 3 x A+ en 1 x A++; Janelle Mellet: 3 x A+ en 1 x A++; Khanyi Mahlangu: 2 x A++; Marna Botha: 2 x A+ en 1 x A++; Charlotte Brink: 1 x A en 2 x A+; Gia Marais: 1 x A+ en 2 x A++; Nika Botha: 4 x A++ asook kategoriewenner (3) én twee trofeë ontvang.

### Graad 9

Erik Senekal: 3 x A++ asook kategoriewenner (1) én itemwenner (1); Sophia van der Merwe: 2 x A+ en 3 x A++ asook kategoriewenner (1) én itemwenner (1); Lana Langeveldt: 4 x A+ en 4 x A++ asook kategoriewenner (1) en itemwenner (1); Rian Knoesen: 1 x A+, 11 x A++ asook kategoriewenner (4) en itemwenner (4).



### Spring-In Eisteddfod

Izel Hattingh (2 x A+++ en 2 x A++) en die dramapaar, Lana Langeveldt en Erik Senekal, het skoonskip by die Spring-In Eisteddfod gemaak. Izel is as die algehele wenner van die drama-afdeling (senior hoërskoolleerders) aangewys, terwyl dieselfde eer vir Lana en Erik in die afdeling vir junior hoërskoolleerders te beurt geval het. Welgedaan!







# GHOLF

## Menlo-gholfrapport: Slaag met onderskeiding

Menlo se gholfakademie spog vandeesweek met 'n uitstekende rapport. Baie geluk aan die Parkies wat die skool op die gholfbaan verteenwoordig het, asook aan die afrigters vir puik werk.

Hier volg die uitslae:

### A-afdeling

Menlo se eerstespan beleef 'n droomjaar en het daarin slaag om in die liga op hulle prestasie by die SA's voort te bou. Dié span het koning in hulle afdeling gekraai en na die finaal deurgedring.

Menlo 1: 236 punte    AHS 1: 227 punte    3. Midstream 1: 205 punte

### B-Afdeling

| | |
|---|---|
| Menlo 3 vs. Pta-Noord 1 | 34-47 |
| Menlo 4 vs. Garsfontein 3 | 47-40 |
| Menlo 5 vs. Waterkloof 4 | 46-33 |
| Menlo 6 vs. Garsfontein 3 | 44-40 |
| Menlo 7 vs. Waterkloof 4 | 43-33 |

### C-Afdeling

| | |
|---|---|
| Menlo 8 vs. Oos-Moot 1 | 43-44 |
| Menlo 10 vs. Oos-Moot 2 | 47-37 |
| Menlo 11 vs. Garsfontein 4 | 53-28 |

### D-Afdeling

| | |
|---|---|
| Menlo 12 vs. Oos-Moot 3 | 2,5-0,5 |









## Menlo-gholfspelers – provinsiale kleure

Staan opsy, Koepka, Spieth en Matsuyama, want Le Roux, Wiid en Greenan is op pad. Hierdie gedugte Menlo-manne, Jean le Roux, Siebert Wiid en Sebastian Greenan het 'n puik seisoen agter die blad en hulle harde werk is onlangs met 'n plek in Gauteng-Noord se hoërskolespan beloon. Die Insig is daarvan oortuig dat hierdie trio pas die eerste tree in die rigting van Augusta en St Andrews gegee het. Welgedaan!

# NETBAL

## Menlo-netbal: vier spanne onder die land se top-10

Dit is amptelik.

Menlo se netbalspelers is nie net die slimste en vriendelikste nie, maar ook die beste! Die o. 15's het verlede naweek op die sukses wat die ander spanne by húlle nasionale toernooie behaal het, voortgebou en die vierde posisie op die SA netbalranglys ingeneem. Hartlik geluk aan die span, me. Eleanor du Toit (organiseerder) en mnr. Manny Ferreira (afrigter). Menlo se netbaltoekoms is ongetwyfeld in veilige hande.













# HOKKIE

## Seisoen op hoogtepunt afgesluit

Die 2023-seisoen is afgehandel en die jaar se prestasies is verlede week by die hokkie-prysuitdelingsfunksie gevier. Hartlik geluk aan die spelers, afrigters en ouers vir hulle aandeel aan die skool se sukses. Talent is geil op Menlo-bodem en tientalle toekennings is uitgedeel om erkenning aan ons spelers se toewyding, vernuf en vasberadenheid te gee. Die skool is trots op elke Parkie wat vanjaar 'n verskyning op die hokkieveld gemaak het.

Die volgende spelers het erkenning vir hulle uitnemende bydraes tot die spel ontvang:

O. 14-speler van die jaar: Megan Nieman en Jan-Willem Pienaar

O. 15-speler van die jaar: Katelynn Blokpoel

O. 16-speler van die jaar: Zoë Badenhorst, Jan Lourens en Ruben Nel

O. 18-speler van die jaar: Danielle McCann, Gardi van Niekerk en Benjamin Strydom

# TENNIS









## Vuurwarm tennis verdryf koue in ysige Karoo

Met skaars veertig duisend inwoners het Cradock verlede week uit sy nate gebars toe tennisspelers van reg oor die land gearriveer het om aan die Marilie Moolman-Toernooi deel te neem. Sportgeesdriftiges sal Marilie se naam nie op ranglyste raakloop nie en mag dalk wonder waarom daar 'n toernooi na haar vernoem is. Marilie, 'n Cradocker in murg en been, het op 'n jong ouderdom in 'n fratsongeluk gesterf. Sy was 'n uithaler-student en 'n kranige sportvrou; die Marilie Moolman-Toernooi vind sedert 2001 as 'n viering van haar lewe plaas.

Vandag is die toernooi sinoniem met gedugte mededinging. Daarby staan die dorp bankvas agter die plaaslike skool en sorg wedstryde teen Hoërskool Cradock altyd vir 'n behoorlike oproer.

Afgesien van die wennerstrofee is daar ook 'n trofee vir die speler wat Marilie se karaktereienskappe op 'n uitsonderlike manier by die toernooi uitleef. Dié eer het ons eie Jandré Viljoen vanjaar te beurt geval. Hierdie talentvolle speler het sy buiging vir die skool se eerstespan reeds in graad 8 gemaak. Die manier waarop hy sy talent op die baan uitleef, dwing bewondering by maats en mededingers af. Jandré is 'n waardige wenner en die skool wens hom hartlik geluk.

**Die uitslae is soos volg:**

- Jandré Viljoen, Val Ceronio, Liam Badenhorst, Joshua Smit, Stefan J v Vuuren, Devan Matthee & Christiaan de Bruine behaal die tweede plek (uit sestien skole) in 'n naelbytstryd.
- Megan Fourie, Karina Pont, Jeanri Richter, Simoné van Zyl, Kara Heyl, Melissa Meyer & Carmen Nel behaal die tweede plek (uit twaalf skole) na 'n senutergende eindstryd teen Hoërskool Cradock én die Cradockers.

# SKAAK

## Skaak kry nuwe status as uithousport

Die Insig was onder die indruk dat skaak 'n strategiese spel is waar spelers hulle opponente planmatig uitoorlê. Dat hierdie stryd geduld verg, was nooit onder verdenking nie, maar dit het onlangs aan die lig gekom dat dit langer neem om 'n skaakkampioenskap af te handel as wat dit neem om 'n ultramarathon te voltooi.



As een van die top-twee-spanne in Gauteng het Menlo se o. 19's, vir die eerste keer in tien jaar, 'n plek by die wegspringpunt van Gauteng se Top Schools Chess Championship ingeneem. Die gebeure daarna sou niemand kon voorspel nie en het daar bykans dertien uur verloop sedert die eerste pion daardie allerbelangrike tree van die een blokkie na die volgende gegee het totdat die laaste koning geval het. 'n Mens sou begrip met die Parkies hê indien hulle sleepvoet oor die wenstreep sou strompel, maar die Insig verneem dat dit glad nie die geval was nie. Die Parkies het eenvoudig saamgewerk om die teenstanders onder die mat in te vee en die derde posisie uit agt en twintig skole in te neem.

Die Insig kyk met nuwe oë na ons skaakspelers van staal en wens hulle, me. Marcelle de Waal (organiseerder) en mnr. Anton Goosen (afrigter) van harte geluk.

Hier volg die uitslae:

1. Badirile High 2. Phoenix College 3. Menlopark
4. Rietondale High 5. AHS

# LANDLOOP

## Parkie-atlete op pad na Noordvaalfinaal

Gauteng-Noord se skoleliga is iets van die verlede en met die Parkies se bestendige vertonings gedurende die seisoen is dit geen wonder nie dat Menlo se seun- én dogterspanne vir die Noordvaalfinaal gekwalifiseer het.

Die ranglyste na afloop van die ligas sien soos volg daaruit:

**Junior dogters**
1. Die H/s Menlopark
2. H/s Zwartkop
3. TuksSport
4. H/s Montana

**Senior dogters**
1. H/s Zwartkop
2. AHMP
3. H/s Montana
4. TuksSport
5. Die H/s Menlopark

**Junior seuns**
1. H/s Zwartkop
2. AHS
3. Curro Hazeldean
4. Die H/s Menlopark
5. TuksSport

**Senior seuns**
1. H/s Zwartkop
2. TuksSport
3. Curro Hazeldean
4. Die H/s Menlopark
5. AHS

**Individuele prestasies: Top-10-atlete in skoleliga**

Llewellyn van Heerden (o. 14, 5de)
Leon Stoltz (o. 15, 4de)
Ewan Lourens (o. 16, 10de)
Jackie Coertze (o. 17, 4de)
Liné de Villiers (o. 14, 3de)
Kaitlyn van Rooyen (o. 15, 2de)
Johann Roelofse (o. 17, 1ste)
JM Maritz (o. 15, 3de)
Dante Raath (o. 16, 5de)
Mart-Marie Jordaan (o. 17, 3de)

**Parkies wat vir die SA kampioenskap kwalifiseer**

Liné de Villiers, Bianca Stoltz, Annerike Heyneke, Michaela Marx, Shani Blom, Llewellyn van Heerden, Kaitlyn van Rooyen, Mart-Marie Jordaan, Jackie Coertze, Liané Smit, Leon Stoltz, JM Maritz, Ewan Lourens, Jesse Pretorius en Johann Roelofse.

**Medaljewenners: AGN-kampioenskap**

Goud: Johann Roelofse, Mart-Marie Jordaan
Brons: Jackie Coertze, Kaitlyn van Rooyen en Leon Stoltz



# KRIEKET

## Parkies betrap opponente onkant

Menlo se krieketspelers het oudergewoonte die bo-toon tydens vandeesweek se wedstryde gevoer. Kyk 'n mens na die uitslae is daar geen twyfel nie: Parkies weet hoe om 'n wilgerlat in te span.

Adriaan van der Westhuizen (101*) en Jan-Willem Pienaar (118) het die opponente met puik honderdtalle getroef en hulle spanne sodoende stewig in die saal geplaas. Knap gedaan aan die spelers én afrigters!

### Menlopark 4de XI teen Waterkloof 4de XI

| | |
|---|---|
| Waterkloof | 144 almal uit (Wihan Spanneberg 5/51, Heinrich Claassen 2/23) |
| Menlo | 146/4 (Jaimi Coertse 43, Owen Louwies 38) |

Menlo wen met 6 paaltjies.

### Menlopark o. 14 A teen Garsfontein o. 14 A

| | |
|---|---|
| Menlo | 244/5 (Jan-Willem Pienaar 118, Corrie Botha 53) |
| Garsfontein | 171 almal uit (Heinrich Claassen 2/28, Noah Becker 2/24) |

Menlo wen met 73 lopies.

### Menlopark o. 15 A teen Garsfontein o. 15 A

| | |
|---|---|
| Menlo | 238/9 (Johan Bosch 51, Murray Hofmeyr 56) |
| Garsfontein | 239/5 (Murray Hofmeyr 2/48) |

Garsfontein wen met 5 paaltjies.

### Menlopark 1ste XI teen Garsfontein 1ste XI

| | |
|---|---|
| Garsfontein | 275/8 (Tiaan Serfontein 3/58, Steve Stolk 2/65) |
| Menlo | 192 almal uit (Ewald Meyer 40, Marco Strydom 32) |

Garsfontein wen met 83 lopies.

### Menlopark 2de XI teen Garsfontein 2de XI

| | |
|---|---|
| Garsfontein | 285 almal uit (Paul Lubbe 5/23, Murray Hofmeyr 3/66) |
| Menlo | 219 almal uit (Marcus de Aguiar 56, Wian van Deventer 32) |

Garsfontein wen met 66 lopies.

### Menlopark 5de XI teen The Glen 2de XI



| | |
|---|---|
| Menlo | 157/7 (Dylan Swanepoel 34*, Adriaan van der Westhuizen 26*) |
| The Glen | 109/2 (Pieter Kriek 2/17) |

Menlo wen met 48 lopies.

### Menlopark o. 15 B teen Die Wilgers 2de XI

| | |
|---|---|
| Wilgers | 99 almal uit (Rigard Olwage 3/15, Noa de Klerk 3/17) |
| Menlo | 102/2 (Ruben Oosthuyzen 50*) |

Menlo wen met 8 paaltjies.

### Menlopark 5de XI teen Midstream 3de XI

| | |
|---|---|
| Menlo | 241/3 (Adriaan van der Westhuizen 101*, Ivan Ramushu 87) |
| Midstream | 111 almal uit (Ivan Ramushu 3/24, Nieuwoudt Slabbert 2/18) |

Menlo wen met 130 lopies.

# MUURBAL

## Het jy gehoor?

In die ganse republiek is daar slegs drie muurbalspelers wat die Parkies se Joseph Myers op die muurbalbaan kan troef. Joseph het die afgelope naweek aan die GrowthPoint SA Nasionale kompetisie deelgeneem en die vierde posisie behaal. Baie geluk aan die vernuftige speler én sy afrigter. Die MMA is trots op hierdie puik prestasie.



# PERDRY



## Menlo-ruitersport: 2023 is hulle jaar!

Ruitersport het sy oorsprong in antieke Griekeland waar *dressage* as 'n manier gebruik is om perde vir oorlog voor te berei. Die sport het die toets van tyd deurstaan en die Menlo-bodem spog sedert die draai van die eeu met topklas ruiters.

Hartlik geluk aan die ruiters wat vanjaar hulle buiging by die nasionale kampioenskap sal maak:

Roi Fourie (Working riding), Inge Higgins (Dresseer), Ziané van den Berg (Dresseer, Performance riding, Prix caprilli, Equitation, In-hand utility & Working hunter), Donné de Jongh (Dresseer, Working riding), Mirabelle Neveling (Dresseer, Working riding, Handy hunter), Madia van der Westhuizen (Handy hunter, Showjumping), Annabell Burger (Showjumping), Jana Fouché (Showjumping), Avril du Plessis (Equitation), Amoné Fourie (Performance riding) & Chloe Durrant (Equitation).

# GEES



# Menlofees

**2 SEPTEMBER 2023**

**12:00 – 23:59**

## Geniet die Menlofees vanuit 'n menLOSIE

**Koste**

R1 000 per persoon (sluit spys en drank in).

**Bring saam**

**menLOSIES** bied aan gaste 'n geleentheid om die Menlofees op 'n unieke manier te geniet. **menLOSIES** is gemeubileer en al wat u hoef te doen, is om op te daag.

**Aantal gaste per menLOSIE**

**menLOSIES** maak vir tien of twintig gaste voorsiening.

**Navrae**

priscilla.marais@menlopark.co.za / mehan.devries@menlopark.co.za

**Moenie onkant betrap word nie. Mobiliseer u vriende en gryp die geleentheid...**

# Menlofees

**2 SEPTEMBER 2023**

**11:00 – 23:29**




## Wat is die Menlofees?

Die Menlofees is 'n gesellige kuierfees vir die Menlo-familie. Die Menlo-bodem verwelkom alle Vriende van Menlo op hierdie dag – die skool se jaarlikse fondsinsamelingsgeleentheid. U hele gesin word daarom uitgenooi om 2 September op Menlo-bodem, in die geselskap van die Menlo-gemeenskap, deur te bring.

## Kaartjies

- Kaartjies, teen R200 per persoon, is reeds op die iTickets-webwerf beskikbaar.
- Kaartjies is op 2 September by die hek te koop.
- Gratis toegang vir kinders onder 8 jaar.

**#myplekismenlo**

# Menlofees

**2 SEPTEMBER 2023**

**11:00 – 23:29**

## Algemeen

- Die jongspan kan na 'n opwindende Babalela-vertoning uitsien.
- Die fees vind op die B- en C-velde plaas.
- Sigbare sekuriteit rondom die skool én op die terrein is gereël.
- Die biertent en koeldrankhoekie open om 12:00.
- Die fees is kontantloos – kaartfasiliteite is oral beskikbaar.
- Maak asseblief seker dat u kampstoel nie tuisbly nie (nie nodig vir losies nie).

**#myplekismenlo**

# VAKATURE

## Onderwyspos

### Afrikaans Huistaal
### Gr. 10 - 12

**Vereistes**

Opleiding in Afrikaans as vakgebied en ervaring in die onderrig van Afrikaans in die VOO-fase is 'n vereiste.
Verdere vereistes sluit 'n toepaslike onderwyskwalifikasie, asook SACE-registrasie in.



DIE HOËRSKOOL MENLOPARK – EXCELSA PETAMUS

MENLO Akademie

Stuur 'n volledige CV na
hans.moolman@menlopark.co.za

**Sluitingsdatum vir aansoeke: 30 Augustus 2023**

*Aanvangsdatum: 1 Januarie 2024*

**Word deel van die Menlo-ritme en die Menlo-lewe!**

menlopark.co.za | AbsolutMenlo

# VAKATURE

## Onderwyspos

### Fisiese Wetenskap
### Gr. 10 - 12

**Vereistes**

Opleiding in Fisiese Wetenskap as vakgebied en ervaring in die onderrig van Fisiese Wetenskap is 'n vereiste.
Verdere vereistes sluit 'n toepaslike onderwyskwalifikasie, asook SACE-registrasie in.



DIE HOËRSKOOL MENLOPARK – EXCELSA PETAMUS

MENLO Akademie

Stuur 'n volledige CV na
yolanda.alkema@menlopark.co.za

**Sluitingsdatum vir aansoeke: 30 Augustus 2023**

*Aanvangsdatum: 1 Januarie 2024*

**Word deel van die Menlo-ritme en die Menlo-lewe!**

menlopark.co.za | AbsolutMenlo

# VAKATURE

## Onderwyspos

### English HL & FAL
### Gr. 10 - 12

**Vereistes**

Opleiding in Engels as vakgebied en ervaring in die onderrig van Engels is 'n vereiste.
Verdere vereistes sluit 'n toepaslike onderwyskwalifikasie, asook SACE-registrasie in.



DIE HOËRSKOOL MENLOPARK – EXCELSA PETAMUS

MENLO Akademie

Stuur 'n volledige CV na
esme.claassen@menlopark.co.za

**Sluitingsdatum vir aansoeke: 30 Augustus 2023**

*Aanvangsdatum: 1 Januarie 2024*

**Word deel van die Menlo-ritme en die Menlo-lewe!**

menlopark.co.za | AbsolutMenlo

# VAKATURE

## Junior IT-tegnikus

**Verantwoordelikhede**

- Daaglikse instandhouding van rekenaars, drukkers, bedieners, netwerke en e-posse.
- Nie-IT-verwante werk soos bv. die opstel van klanktoerusting en installering van projektors.
- Instandhouding van klaskamers m.b.t. IT en klank.

**Aanbevelings**

- Deeglike kennis van die volgende programme: Word, Excel, Outlook en Powerpoint.
- Goeie menseverhoudinge.
- Vermoë om druk te hanteer.
- Probleemoplossingsvaardighede.

**Kwalifikasies**

- A+ en N+



DIE HOËRSKOOL MENLOPARK – EXCELSA PETAMUS

MENLO Inligtingstegnologie

Stuur volledige CV na
gerrit.swanepoel@menlopark.co.za

***Sluitingsdatum: 31 Augustus 2023***

**Word deel van die Menlo-ritme en die Menlo-lewe!**

menlopark.co.za | AbsolutMenlo


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
Klerebank vir skoolklere met karakter
Me. Lize Preston
(lize.preston@menlopark.co.za)
Klerebank vir sportklere met karakter
Me. Estelle Velloen
(estelle.velloen@menlopark.co.za)


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
MENLO-KLEREWINKEL
Menlo-sportklere
en -sweetpakke
• Maandae, Woensdae & Vrydae: 07:00 - 08:00
• Dinsdae & Donderdae: 13:30 - 14:30
Mnr. Tinus Vermaak
082 322 6081


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
Bemarkingskantoor
Menlo-T-hemp R130
Menlo-hoed R60
Menlo-pawiljoenkussinkies R80


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
MENLO-
WISKUNDEKLASSE
14:10 – 15:10
Graad 8 Maandae
Graad 9 Dinsdae
Graad 10 Woensdae
Graad 11 & 12 Donderdae


FOTOMUUR #MENLO60
1. Neem jou beste #Menlo60 foto waar die feestema duidelik uitgebeeld word.
2. Laai die foto's (maksimum 5) na 'n lêer op jou Google Drive.
3. E-pos die 'link' asook jou naam, van, graad en klas na menlo60@menlopark.co.za.
SOKKIES-VIR-SESTIG
• Geblikte sokkies: R170
• Beskikbaar: Finansiële kantoor.
FEESJAARKOFFIEBEKERS
• Veilig vir die skottelgoedwasser: R50
• Beskikbaar: Finansiële kantoor.
DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
VIER 60 SAAM!

# MARKPLEIN


NextTo
APARTMENT HOTEL
%
15% Discount for Hoërskool
Menlopark Students & Parents
• Free Wifi
• Washing Machine
• Smart TVs
• On-site Cafe
• 24h Security
• Underground Parking
309 Lynnwood Rd,
Menlo Park Pretoria
+27 072 750 9895
+27 087 898 3269
bookings@nextto.co.za
www.nextto.co.za


HELP JOU KIND OM HEELBREIN SKERPHEID TE ONTWIKKEL WAT NODIG IS OM SUKSESVOLLE, GOED AANGEPASTE VOLWASSENES IN DIE 21STE EEU TE WEES MET NODIGE ENTREPENEURIESE EN ANDER VAARDIGHEDE.
AANDAG! GR. 9 LEERLING
IS JY ONSEKER OOR MOONTLIKE VAK KEUSE?
• BESPREEK 'N AANLYN NBI® BREINPROFIEL ASSESSERING @R400 WAT JOU UNIEKE "BEDRADING" BEPAAL EN WYS HOE JY VERKIES OM TE DINK,DOEN EN BEPLAN.
• VOLLEDIGE VERSLAG EN TERUGVOER INGESLUIT.
• DIE UITSLAG VAN DIE ASSESSERING KAN JOU LEI OM DIE REGTE VAKKEUSES TE MAAK.
• VIR MEER INLIGTING KONTAK
• HANLIE 064 891 6202
• WHATSAPP 081 449 5212
• EPOS HANLIEJMEIRING@GMAIL.COM


TOYOTA
LEAD THE WAY
NMi TOYOTA MENLYN
Legendary deal
HILUX DOUBLE CAB, LEGEND 4X4 RS AUTO
ONLY R899 900
Colette Nel
New car Sales Executive
012 821 4252
Limited offer | Terms and Conditions apply


MO' BELLÅ
FASHION RENTALS
IN NEED OF A
DRESS?
FASHION
RENTALS
WWW.MOBELLAFASHION.CO.ZA
SPECIAL
OCCASIONS
PRETORIA, GAUTENG, SOUTH AFRICA


TOYOTA
LEAD THE WAY
NMi TOYOTA MENLYN
Vitz Special ONLY R169 000
SAVE 20K
VITZ
Colette Nel
New Car Sales Executive
082 821 4252
Limited offer | Terms and Conditions apply


MTN
BESTEL JOU
SPRINGBOK
TRUI VANDAG
R220 elk
Aflewering R50
Grootte S-3XL
Kontak gerus vir
Nicolene- 061 581 1926


Scan QR Code
PRICE LIST
WEBSITE
follow us on:
Skin and Body Aesthetics
072 490 5395
334 Brooklyn Rd, Menlopark
(entrance in 10th Street)
1,3km from Hoërskool Menlopark


STUDENTE AANBOD
Ouderdomme 13-23
R999
insluitend 'n oogtoets, raam en die nuutste
blou blokkende lense
specsavers
HILLCREST | 012 362 3144


MidCity
HUISE EN WOONSTELLE
TE HUUR IN JOU OMGEWING
ANNETTE: 082 490 1257
BESOEK GERUS ONS
WEBBLAD VIR MEER INLIGTING
WWW.MIDCITY.CO.ZA
012 426 3400


WEN SUZUKI
R200
Swift 1.2 GL
https://store.sticitt.co.za/verefees
LAERSKOOL ANTON VAN WOUW
WOUWTJIES
Anton van Wouw
TRUST
TREKKING: BY VEREFEES
2 SEPTEMBER 2023 om 21:00
PENTA
MOTOR GROUP


NGUNI MOON
VLEISVERWERKING
Ek praat vlot SOSATIE
Beessosaties
Hoendersosaties
Boerewors
Gerookte
cheese grillers
Rumpsteak
Rumptail steak
EN BAIE
MEER!!
NGUNI MOON
VLEISVERWERKING
PIET
JANSE VAN RENSBURG
082 948 2839
ngunimoon2019@gmail.com
@ngunimoon
144 Caribaea Str, Lynnwoodrif
Kontak
Piet!


JB
Makeup.
Styling. Hair
GR10-11 DANCE
&
MATRIC
FAREWELL
BOOK NOW
HAIR &
MAKEUP
WHATSAPP
0823327094
TO SECURE
YOUR
BOOKING
TODAY!
FOLLOW US ON

# SUPERSPAR
# MENLO
# RELAUNCH

## 24- 27 August 2023

## SPEND R350 OR MORE TO STAND A CHANCE TO WIN 1 OF 5 SPAR VOUCHERS WORTH R2500 EACH & MANY IN-STORE PRIZES




T's & C's Apply.
See in Store for details.

***Address:*** Shop 1, Menlo Park Centre, 71 13th St, Menlo Park, Pretoria.
***Trading Hours:*** Mon - Sun: 08:00 - 19:00 • ***Tel:*** 012 947 9367

SNR784